Kennis geskied hiermee kragtens artikel 17, artikel 24 en Regulasie 4.6 van PK 1048/1988 van bogemelde Ordonnansie dat die ondergemelde aansoek ontvang is en ter insae lê by die Afdeling Stadsbeplanning, 4de Vloer, Montagu Plek Gebou, Montagustraat, Mosselbaai. Enige navrae kan gerig word aan me H Vorster, Stadsbeplanning, Posbus 25, Mosselbaai, 6500, telefoonnommer (044) 606-5077 en faksnommer (044) 690-5786. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Posbus 25, Mosselbaai, 6500 ingedien word voor of op Maandag, 13 Februarie 2012, met vermelding van bogenoemde voorstel en beswaarmaker se erfnommer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie, die Afdeling Regsdienste kan nader tydens kantoorure waar 'n lid van die personeel u behulpsaam sal wees om u kommentaar of besware op skrif te stel.

Aansoeker: Formaplan Stads- en Streekbeplanners, Posbus 9824, George 6530

Nature of application:

1. The rezoning of Portion 115 of Farm No 129, Mossel Bay, measuring 5.5ha in extent, from "Agricultural Zone I" to "Subdivisional Area".
2. The subdivision of the "Subdivisional Area" in order to provide for 4 "Residential Zone IV" erven, 2 "Agricultural Zone" erven, "Business Zone IV" erf, 2 "Open Space I" erven as well as a road portion.
3. Consent use in order to provide for the establishment of an animal shelter and a nursery on a portion of Portion 115 of Farm No 129, Mossel Bay.

File Reference: 15/4/34/2

DR M GRATZ, MUNICIPAL MANAGER

13 January 2012

24114

Aard van aansoek:

1. Die hersonering van Gedeelte 115 van Plaas No 129, Mosselbaai, groot 5.5ha, vanaf "Landbousone I" na "Onderverdelingsgebied".
2. Die onderverdeling van die "Onderverdelingsgebied" ten einde voorsiening te maak vir 4 "Residensiële Sone IV" erwe, 2 "Landbousone I" erwe, 1 "Sakesone IV" erf, 2 "Oopruimte I" erwe sowel as 'n straatgedeelte.
3. Vergunningsgebruik ten einde voorsiening te maak vir die vestiging van 'n diereherberg asook 'n kwekery op 'n gedeelte van Gedeelte 115 van Plaas No 129, Mosselbaai.

Lêerverwysing: 15/4/34/2

DR M GRATZ, MUNISIPALE BESTUURDER

13 Januarie 2012

24114

HESSEQUA MUNICIPALITY

BY-LAW RELATING TO THE HOLDING OF EVENTS

Under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the Hessequa Municipality, enacts as follows:

Table of Contents

CHAPTER 1: DEFINITIONS AND APPLICATION

1. Definitions
2. Application of this by-law

CHAPTER 2: PERMIT APPLICATION PROCESS, REQUIREMENTS AND ENFORCEMENT

3. Permit required
4. Application for permit to hold event
5. Criteria and conditions
6. Requirements and conditions
7. Holding of an event
8. Compliance notice
9. Inspections and right of access
10. Suspension and revocation of permit
11. Exemptions to the permit

CHAPTER 3: GENERAL PROVISIONS

12. Agreements and partnerships
13. Delegations and appointment of authorised officials
14. Offences and penalties
15. Repeal
16. Short title and commencement

CHAPTER 1:

DEFINITIONS AND APPLICATION

1. Definitions

In this by-law, unless inconsistent with the context:

"authorised official" means any employee authorised by the municipality to put into effect any of the provisions of this by-law and in possession of an appointment card issued by the municipality attesting thereto and it includes any member of the municipal law enforcement service or any peace officer;

"Council" means the municipal council of the municipality;

“**event**” means any public gathering of at least 30 members of the public in streets or at a public place or venue and include:

- (a) a sporting, recreational or entertainment event, including live acts;
- (b) an educational, cultural or religious event;
- (c) a business event including marketing, public relations and promotional, or exhibition events;
- (d) a charitable event, including any conference, organisational or community event;
- (e) filming which is of such a nature that it may have an impact on vehicular or pedestrian traffic or may attract crowds, or;
- (f) any similar event;

“**event organiser**” means a person who submits an application to hold an event in terms of this by-law whether in a personal capacity or on behalf of another person, body or organisation;

“**fees**” means the fees determined in terms of the tariff policy by-law promulgated by the Council in terms of section 75 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), or pending such promulgation, a decision by the Council in terms of section 75A of that Act to levy and recover fees, charges or tariffs;

“**municipal manager**” means the person appointed as municipal manager for the municipality in terms of section 82 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998);

“**municipality**” means the Hessequa Municipality established in terms of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998), and any employee of the municipality acting in terms of delegated or sub-delegated authority thereof;

“**permit**” means a permit issued by the municipal manager for the holding of an event;

“**public place**” means any land, building or facility or any portion thereof, including any apparatus therein or thereon, owned or controlled by the municipality to which the public has access, whether on payment of admission fees or not;

“**purpose-built venue**” means a venue correctly zoned, built and suitable for the holding of specific events;

“**SANS**” means the South African National Standards contemplated in section 2 of the Standards Act, 1993 (Act No. 29 of 1993), and SANS followed by any number means a reference to a SANS code of practice, specification or standard of the corresponding number;

“**stakeholder**” includes any person, organization or body who is affected by or has a role to play in the management or holding of an event;

“**venue**” means any open space, enclosed or semi-enclosed temporary structure or permanent structure to which the public has access—

- (a) within which a temporary or permanent structure may be erected, where an event is to be hosted; and
- (b) which, may consist of:
 - (i) seating for spectators, attendees or an audience; or
 - (ii) a playing field or a permanent or temporary podium or other area within a venue, reserved for the purposes of hosting an event; and

“**venue owner**” means any person or legal entity that, directly or indirectly, owns, leases, rents, acquires or exercises the powers of an owner or occupier of a venue used for events.

2. Application of this by-law

- (1) This by-law applies to any event held within the area of jurisdiction of the municipality.
- (2) In the event of a conflict between this by-law and any other by-law of the municipality, this by-law shall prevail regarding the management and holding of events.
- (3) In the event of any conflict between the English and Afrikaans text of this by-law or the text thereof in another language, the Afrikaans text prevails.

CHAPTER 2:

PERMIT APPLICATION PROCESS, REQUIREMENTS AND ENFORCEMENT

3. Permit required

Subject to section 11, no person may hold an event unless a permit has been issued for the event upon written application made to the municipal manager.

4. Application for permit to hold event

- (1) An event organiser must apply to the municipal manager for a permit to hold an event:
 - (a) at least thirty days before the event is to take place, or
 - (b) in cases where municipal services are required, roads or venues are to be closed or any other measures are required to be taken by the municipality, within a timeframe determined by the municipal manager.

- (2) The application must be accompanied by the fees applicable, a deposit, if required, and include the following information:
 - (a) the name of an individual to be responsible as the event organiser;
 - (b) the proposed venue for the event;
 - (c) the proposed days and hours of operation for the event;
 - (d) if a sub-contractor will be involved with the event, a copy of the contract with the sub-contractor;
 - (e) the maximum number of proposed attendees, including staff, to be allowed at the event;
 - (f) the proposed security plans for the event including the number of personnel and their qualifications;
 - (g) the proposed medical and safety plans for the event including the number of personnel and their qualifications;
 - (i) the proposed parking and traffic plans for the event;
 - (j) any other information as may be requested by the municipal manager.
- (3) Before a permit for an event is considered, the event's organiser must also provide:
 - (a) evidence, to the satisfaction of the municipal manager, of appropriate indemnity cover, and
 - (b) where an activity which may put the public at risk will be involved, evidence to the satisfaction of the municipal manager of appropriate specialised risk insurance, blanket liability or work cover which list the municipality as a named insured and provide for provisions to defend, indemnify and hold the municipality and any of its employees harmless from any claims arising from the event.
- (4) In the event of failure to submit the information and fees referred to in subsections (2) and (3), an application will not be considered by the municipal manager.
- (5) The municipal manager must approve or decline an application for a permit to hold an event within a reasonable time period.
- (6) Where an application for a permit has been approved, the municipal manager must issue a permit.
- (7) In a case where the municipal manager has declined an application, full written reasons for such decision must be provided to the applicant.
- (8) The issuing of a permit does not alleviate any person of the obligation to comply with any other by-law, Act or regulation.

5. Criteria and conditions

- (1) The municipal manager must consider an application for a permit to hold an event in accordance with the following criteria, where applicable:
 - (a) the type and size of an event;
 - (b) the impact of the event on municipal services including services relating to noise control, traffic, parking, local amenities, public places, health and the environment;
 - (c) whether the proposed use of the land complies with the applicable zoning scheme and any conditions applicable thereunder;
 - (d) any other criteria that the municipal manager may determine.
- (2) The municipal manager may impose reasonable conditions to the permit to protect the health, safety and welfare of the public and such conditions may pertain to any of the following:
 - (a) Location and hours during which the event may be held;
 - (b) Sanitation and availability of potable water;
 - (c) Security and crowd management;
 - (d) Parking and traffic issues;
 - (e) Emergency and medical services;
 - (f) Clean-up of premises and surrounding area and trash disposal;
 - (g) Insurance;
 - (h) Lighting;
 - (i) Fire services and safety;
 - (j) Temporary construction, barricades and fencing;
 - (k) Removal of advertising and promotional materials;
 - (l) Noise levels.

6. Requirements and conditions

- (1) An event organiser may not advertise an event before an application is submitted to the municipal manager and the event organiser has been informed by the municipal manager that the application has been approved and that a permit has been issued.
- (2) The municipality is not liable, in respect of any planning for an event, application, approval or permit issued for an event in terms of this by-law, for any—
 - (a) damage to or loss of any property of the event organiser; or
 - (b) costs incurred by an event organiser or any third party.
- (3) The event organiser must ensure that the permit is available at the venue for inspection at all stages and at all times of the event.

7. Holding of an event

An event organiser whose application has been approved in terms of this by-law is responsible for the event and must ensure—

- (a) that the event is held in compliance with the provisions of this by-law, the conditions imposed by the municipal manager and that no other law is contravened;
- (b) that the event complies with the requirements of SANS 10366: 2006 insofar as it relates to the requirements for health and safety at live events;
- (c) that the conduct of persons attending an event and the activities undertaken or carried out at the event do not negatively impact on affected communities during such event; and
- (d) compliance with any compliance notice issued by the municipal manager or an authorised official in terms of section 8 or a notice in terms of section 10.

8. Compliance notice

- (1) When the municipal manager or an authorised official finds that a provision of this by-law is contravened by an event organiser or that a condition has arisen that has the potential to lead to a contravention of this by-law or any other law, a compliance notice may be issued to the event's organiser.
- (2) A notice issued in terms of subsection (1) must state:
 - (a) the provision of this by-law, the provisions of any other legislation, or the condition of the permit that is being contravened or will be contravened if the condition is allowed to continue;
 - (b) the measures that must be taken to rectify the condition; and
 - (c) the time period for compliance with the notice.
- (3) If a person, on whom notice was served in terms of subsection (1), fails to comply with the requirements of the notice, the municipal manager or an authorised official may take such steps as may be necessary to rectify the condition at the cost of the event organiser.

9. Inspections and right of access

- (1) The municipal manager or an authorised official may conduct inspections of a venue after the submission of an application, during or after the staging or holding of an event to determine compliance with this by-law.
- (2) The municipal manager or an authorised official has a right of access to or over any venue for the purposes of—
 - (a) ascertaining whether there is or has been a contravention of the provisions of this by-law, and
 - (b) enforcing compliance with the provisions of this by-law.
- (3) The municipal manager or an authorised official may, by notice in writing served on the owner or occupier of any venue, require such owner or occupier to provide, at any reasonable date or time, access to such property to a person and for a purpose referred to in subsection (2).

10. Suspension and revocation of permit

- (1) The municipal manager may, where the event organiser fails to comply with a compliance notice issued in terms section 8, notice in writing to the event organiser:
 - (a) suspend the permit immediately until the event organiser has complied with the compliance notice;
 - (b) revoke the permit and take such steps as may be necessary, and the event organiser is liable for any costs incurred thereby; or
 - (c) on receipt of information from an authorised official relating to failure to comply with a compliance notice, suspend or revoke the permit of an event organiser.
- (2) The municipal manager may, where action has been taken in terms of subsection (1), withhold the deposit paid by the event organiser for an event as security for the payment of such costs.

11. Exemptions to the permit

The permit requirement contained in this chapter does not apply to the following:

- (a) funerals and funeral processions;
- (b) events held at a purpose built venue or the grounds of any school, playground, place of worship, hotel, conference centre, stadium, athletic field, arena, auditorium or similar permanent place of assembly when used for events normally held in such venue, provided that this exclusion does not apply to events or parts of events held outside the venue or building, or which by their nature, size or impact are considered outside the normal use parameters for the venue; and
- (c) events regulated by the Safety at Sport and Recreation Events Act, 2010 (Act 2 of 2010) and the Regulation of Gatherings Act, 1993 (Act 205 of 1993).

CHAPTER 3:

GENERAL PROVISIONS

12. Agreements and partnerships

The council may, subject to the provisions of any law, enter into such agreements and partnerships with event organisers as may be necessary for the holding and management of events.

13. Delegation and appointment of authorised officials

- (1) The municipal manager may, in whole or in part, delegate the power to issue a permit and the imposition of conditions, or the taking of any actions in respect of any provision of this by-law to officials of the municipality.
- (2) The municipal manager may appoint officials in the employ of the municipality as authorised officials to enforce the provisions of this by-law.

14. Offences and penalties

A person who fails to comply with:

- (a) section 3;
- (b) section 6(1);
- (c) section 7(b);
- (d) a condition to a permit; or
- (e) a notice issued in terms of section 8 or 10,

commits an offence and is on conviction liable for the payment of a fine or a term of imprisonment.

15. Repeal

The provisions of any by-laws previously promulgated by the municipality or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the municipality are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law.

16. Short title and commencement

This By-law is called the By-law relating to the Holding of Events and will commence upon publication in the Provincial Gazette.

HESSEQUA MUNISIPALITEIT:

VERORDENING MET BETREKKING TOT DIE HOU VAN GELEENTHEDE

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verorden die Hessequa Munisipaliteit as volg:

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1: WOORDOMSKRYWINGS EN TOEPASSING

- 1. Woordomsrywings
- 2. Toepassing van die verordening

HOOFSTUK 2: PROSES VIR AANSOEK OM PERMIT, VEREISTES EN AFDWINGING

- 3. Permit vereis
- 4. Aansoek om permit om geleentheid te hou
- 5. Kriteria en voorwaardes
- 6. Vereistes en voorwaardes
- 7. Aanbied van 'n geleentheid

8. Kennisgewing van voldoening
9. Inspeksies en reg van toegang
10. Opskorting en intrekking van permit
11. Vrystellings van permit

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS

12. Ooreenkomste en vennootskappe
13. Delegasies en aanstelling van gemagtigde beamptes
14. Oortredings en strawwe
15. Herroeping
16. Kort titel en inwerkingtrede

HOOFSTUK 1:

WOORDOMSKRYWINGS EN TOEPASSING

1. Woordomsrywings

In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui, beteken:

“belanghouer” enige persoon, organisasie of liggaam wat geaffekteer word deur of ’n rol te speel het in die bestuur of hou van ’n geleentheid;

“doelmatig-geboude plek” ’n plek korrek gesoneer, gebou en geskik vir die hou van spesifieke geleentheid;

“fooie” die fooie wat gehou word ingevolge die Tariewe Verordening wat deur die Raad ingevolge artikel 75 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) afgekondig is, of hangende die afkondiging, ’n besluit deur die Raad ingevolge artikel 75A van daardie Wet om fooie of tariewe te verhaal of te hef;

“geleentheid” enige openbare byeenkoms van ten minste 30 lede van die publiek in ’n straat of enige openbare plek of plek en dit sluit in:

- (a) ’n sport-, ontspannings- of vermaaklikheidsgeleentheid, insluitende lewendige optredes;
- (b) opvoedkundige, kulturele of godsdienstige geleentheid;
- (c) ’n besigheidsgeleentheid, insluitend bemarkings- en openbare skakelingsgeleentheid en promosies of uitstallings;
- (d) enige liefdadigheidsgeleentheid, insluitende enige konferensie-, organisatoriese- of gemeenskapsgeleentheid;
- (e) die maak van films wat van so ’n aard is dat dit ’n effek kan hê op verkeer of voetgangers of dat dit toeskouers kan lok; of
- (f) enige soortgelyke geleentheid;

“geleentheidorganiseerder” enige persoon wat ’n aansoek in terme van hierdie verordening indien om ’n geleentheid aan te bied ongeag of dit in ’n persoonlike hoedanigheid of ten behoeve van enige ander persoon, liggaam of organisasie is;

“gemagtigde beampte” enige werknemer wat deur die munisipaliteit gemagtig is om enige van die bepalings van hierdie verordening in werking te stel en wat in besit is van ’n aanstellingsertifikaat wat deur die munisipaliteit uitgereik is wat die aanstelling bevestig en dit sluit enige lid van die munisipaliteit se regstoepassingsafdeling of enige vredesbeampte in;

“munisipale bestuurder” die persoon aangestel as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“munisipaliteit” die Hessequa Munisipaliteit daargestel ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) en enige werknemer van die munisipaliteit wat in sodanige pos waarneem ingevolge enige delegasie of sub-delegasie;

“openbare plek” enige grond, gebou of fasiliteit of enige deel daarvan, insluitende enige apparaat daarin of daarop, wat deur die munisipaliteit besit of beheer word en waartoe die publiek toegang het ongeag of toegangsgeld gehou word al dan nie;

“permit” ’n permit wat deur die munisipale bestuurder uitgereik is vir die hou van ’n geleentheid;

“plek” enige openbare plek, geslote of semi-geslote tydelike struktuur of permanente struktuur waartoe die publiek toegang het:

- (a) waarbinne ’n tydelike of permanente struktuur opgerig mag word, vir die aanbied van ’n geleentheid; en
- (b) wat mag bestaan uit:
 - (i) sitplekke vir toeskouers, bywoners of ’n gehoor; of
 - (ii) ’n speelgrond of ’n permanente of tydelike podium of ander area binne ’n plek, gereserveer vir doeleindes om ’n geleentheid aan te bied;

“**plek eenaar**” enige persoon of regs persoon wat, direk of indirek, ’n plek wat gebruik word vir geleentheid besit, verhuur, huur, bekom of die bevoegdheid uitoefen van ’n eenaar of okkupeerder;

“**Raad**” die raad van die munisipaliteit; en

“**SANS**” beteken die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard bedoel in artikel 2 van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), en SANS gevolg deur enige nommer beteken ’n verwysing na ’n SANS praktykkode, spesifikasie of standaard van die ooreenstemmende nommer,

2. Toepassing van die verordening

- (1) Hierdie verordening is van toepassing op enige geleentheid wat binne die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit gehou word.
- (2) In geval van ’n konflik tussen hierdie verordening en enige ander verordening van die munisipaliteit, sal hierdie verordening voorrang geniet met betrekking tot die bestuur en hou van geleentheid.
- (3) In die geval van enige konflik tussen die Engelse en Afrikaanse tekste van hierdie verordening en die teks daarvan in ’n ander taal, geniet die Afrikaanse teks voorkeur.

HOOFTUK 2:

PROSES VIR AANSOEK OM PERMIT, VEREISTES EN AFDWINGING

3. Permit

Onderworpe aan artikel 11, mag geen persoon ’n geleentheid aanbied tensy skriftelik by die munisipale bestuurder aansoek gedoen is om ’n permit vir die geleentheid nie en indien sodanige permit nie deur die munisipale bestuurder uitgereik is nie.

4. Aansoek om permit om geleentheid te hou

- (1) ’n Geleentheidorganiseerder moet by die munisipale bestuurder aansoek doen vir ’n permit om ’n geleentheid te hou:
 - (a) ten minste dertig dae voordat daar beoog word om die geleentheid te laat plaasvind; of
 - (b) in gevalle waar munisipale dienste vereis word, paaie of plekke gesluit moet word of enige ander maatreëls deur die munisipaliteit getref moet word, binne ’n tydsraamwerk bepaal deur die munisipale bestuurder.
- (2) Die aansoek moet vergesel wees van die toepaslike gelde, ’n deposito, indien vereis, en die volgende inligting moet ingesluit wees:
 - (a) die naam van ’n individu wat verantwoordelik sal wees as die geleentheidorganiseerder;
 - (b) die voorgestelde plek vir die geleentheid;
 - (c) die voorgestelde dae en ure vir die duur van die geleentheid;
 - (d) indien ’n subkontraakteur by die geleentheid betrokke sal wees, ’n afskrif van die kontrak met die subkontraakteur;
 - (e) die maksimum aantal persone, insluitende personeel, wat tot die geleentheid toegelaat word;
 - (f) die voorgestelde sekuriteitsplanne vir die geleentheid insluitende die aantal personeel en hul kwalifikasies;
 - (g) die voorgestelde mediese en veiligheidsplanne vir die geleentheid insluitende die aantal personeel en hul kwalifikasies;
 - (i) die voorgestelde parkeer- en verkeersplanne vir die geleentheid; en
 - (j) enige ander inligting wat deur die munisipale bestuurder vereis mag word.
- (3) Voordat ’n permit vir ’n geleentheid oorweeg word, moet die geleentheidorganiseerder ook die volgende voorsien—
 - (a) bewys, tot bevrediging van die munisipale bestuurder, van toepaslike vrywaringsdekking, en
 - (b) waar ’n aktiwiteit wat die publiek aan ’n risiko mag blootstel betrokke is, bewys tot bevrediging van die munisipale bestuurder van toepaslik gespesialiseerde risiko versekering, omvattende aanspreeklikheid of werksdekking wat die munisipaliteit lys as ’n versekerde en voorsiening maak vir bepalinge ter verdediging, vrywaring en skadeloosstelling van die munisipaliteit en enige van sy werknemers van enige eise wat uit die geleentheid voortspruit.
- (4) Indien die inligting en gelde waarna in subartikels (2) en (3) verwys word nie voorsien of betaal word nie, sal ’n aansoek nie deur die munisipale bestuurder oorweeg word nie.
- (5) Die munisipale bestuurder moet ’n aansoek vir ’n permit om ’n geleentheid te hou binne ’n redelike tyd goedkeur of afkeur.
- (6) Waar ’n aansoek vir ’n permit goedkeur is, moet die munisipale bestuurder ’n permit uitreik.
- (7) In ’n geval waar die munisipale bestuurder ’n aansoek geweier het, moet volledige skriftelike redes vir sodanige besluit aan die aansoeker voorsien word.
- (8) Die uitreiking van ’n permit stel nie enige persoon vry van die verpligting om aan enige ander verordening, wet of regulasie te voldoen nie.

5. Kriteria en voorwaardes

- (1) Die munisipale bestuurder moet 'n aansoek vir 'n permit om 'n geleentheid te hou ooreenkomstig die volgende kriteria oorweeg, waar dit van toepassing is:
 - (a) die aard en omvang van 'n geleentheid;
 - (b) die impak van die geleentheid op munisipale dienste, insluitend dienste met betrekking tot geraasbeheer, verkeer, parking, plaaslike geriewe, openbare plekke, gesondheid en die omgewing;
 - (c) of die voorgestelde grondgebruik voldoen aan die toepaslike soneringskema en enige voorwaardes wat daarop van toepassing mag wees;
 - (d) enige ander kriteria wat die munisipale bestuurder mag bepaal.
- (2) Die munisipale bestuurder mag redelike voorwaardes aan die permit koppel om die gesondheid, veiligheid en welsyn van die publiek te beskerm en sodanige voorwaardes mag betrekking hê op enige van die volgende:
 - (a) Ligging en ure waartydens die geleentheid gehou mag word;
 - (b) Sanitasie en die beskikbaarheid van drinkbare water;
 - (c) Sekuriteit en skarebestuur;
 - (d) Parkering en verkeersaangeleenthede;
 - (e) Nood- en mediese dienste;
 - (f) Skoonmaak van die perseel en omliggende gebied en wegdoening met afval;
 - (g) Versekering;
 - (h) Beligting;
 - (i) Brandweerdienste en veiligheid;
 - (j) Tydelike konstruksie, versperrings en omheining;
 - (k) Verwydering van advertensie en promosie materiale;
 - (l) Geraasvlakke.

6. Vereistes en voorwaardes

- (1) 'n Geleentheidorganiseerder mag nie 'n geleentheid adverteer voordat 'n aansoek aan die munisipale bestuurder voorgelê is nie en die geleentheidorganiseerder deur die munisipale bestuurder ingelig is dat die aansoek goedgekeur en 'n permit uitgereik is.
- (2) Die munisipaliteit is nie aanspreeklik, ten opsigte van enige beplanning vir 'n geleentheid, aansoek, goedkeuring of permit uitgereik vir 'n geleentheid ingevolge hierdie verordening, vir enige:
 - (a) skade aan of verlies van enige eiendom van die geleentheidorganiseerder; of
 - (b) koste aangegaan deur die geleentheidorganiseerder of enige derde party.
- (3) Die geleentheidorganiseerder moet verseker dat die permit op alle stadions en te alle tye van die geleentheid by die plek waar die geleentheid gehou word beskikbaar is vir inspeksie.

7. Aanbied van 'n geleentheid

'n Geleentheidorganiseerder wie se aansoek ingevolge hierdie verordening goedgekeur is, is verantwoordelik vir die geleentheid en moet verseker:

- (a) dat die geleentheid voldoen aan die bepalings van hierdie verordening, die voorwaardes opgelê deur die munisipale bestuurder en dat geen ander wet oortree word nie;
- (b) dat die geleentheid voldoen aan die vereistes van SANS 10366: 2006 vir sover dit betrekking het op die vereistes ten opsigte van gesondheid en veiligheid by lewendige geleenthede;
- (c) dat die gedrag van persone wat 'n geleentheid bywoon en die aktiwiteite onderneem of uitvoer tydens die geleentheid nie negatief impakteer op geaffekteerde gemeenskappe tydens sodanige geleentheid nie; en
- (d) dat aan enige kennisgewing van voldoening uitgereik deur die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte ingevolge artikel 8 of 'n kennisgewing ingevolge artikel 10 voldoen word.

8. Kennisgewing van voldoening

- (1) Wanneer die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte vind dat 'n bepaling van hierdie verordening deur 'n geleentheidorganiseerder oortree is of dat 'n toestand ontstaan het wat die potensiaal het om te lei tot 'n oortreding van hierdie verordening of enige ander wet, mag 'n kennisgewing van voldoening aan die geleentheidorganiseerder uitgereik word.

- (2) 'n Kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) moet vermeld:
- die bepaling van hierdie verordening, die bepaling van enige ander wetgewing, of die voorwaarde van die permit wat oortree is of oortree sal word indien die toestand toegelaat word om voort te duur;
 - die maatreëls wat geneem moet word om die toestand reg te stel; en
 - die tydsduur vir voldoening aan die kennisgewing.
- (3) Indien 'n persoon op wie 'n kennisgewing beteken is ingevolge subartikel (1) nalaat om aan die vereistes van die kennisgewing te voldoen, mag die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte sodanige stappe neem as wat nodig geag word om die toestand op die koste van die geleentheidorganiseerder reg te stel.

9. Inspeksies en reg van toegang

- Die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte mag die plek waar die geleentheid gehou word na die indiening van 'n aansoek of gedurende of na die hou van 'n geleentheid inspekteer ten einde te bepaal of daar aan die bepalings van hierdie verordening voldoen word.
- Die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte het 'n reg van toegang tot of oor enige plek ten einde:
 - te bepaal of die bepalings van hierdie verordening oortree word of was; en
 - voldoening aan die bepalings van hierdie verordening af te dwing.
- Die munisipale bestuurder of 'n gemagtigde beampte mag 'n skriftelike kennisgewing op die eienaar of okkuperder van enige plek beteken waarin van sodanige eienaar of okkuperder vereis word om op enige redelike datum en tyd toegang tot sodanige plek aan 'n persoon en vir 'n doel waarna in subartikel (2) verwys word, te verleen.

10. Opskorting en intrekking van permit

- Die munisipale bestuurder mag, waar die geleentheidorganiseerder in gebreke is om aan 'n kennisgewing van voldoening uitgereik ingevolge artikel 8 te voldoen, met skriftelike kennis aan die geleentheidorganiseerder:
 - die permit onmiddellik uitstel totdat die geleentheidorganiseerder aan die kennisgewing van voldoening voldoen het;
 - die permit herroep en sodanige stappe neem as wat nodig geag word, en die geleentheidorganiseerder sal aanspreeklik wees vir enige koste aangegaan in verband daarmee; of
 - by ontvangs van inligting van 'n gemagtigde beampte met betrekking tot 'n versuim om aan 'n kennisgewing van voldoening te voldoen, die permit van 'n geleentheidorganiseerder uitstel of herroep.
- Die munisipale bestuurder mag, waar stappe ingevolge subartikel (1) geneem is, die deposito wat deur die geleentheidorganiseerder vir 'n geleentheid betaal is terughou as sekuriteit vir die betaling van sodanige koste.

11. Vrystellings van permit

Die permitvereiste wat in hierdie hoofstuk vervat is, is nie op die volgende van toepassing nie:

- begrafnisse en begrafnisprosessies;
- geleenthede gehou by 'n doelmatig-geboude plek of die gronde van enige skool, speelgrond, plek van aanbidding, hotel, konferensiesentrum, stadion, atletiekveld, arena, ouditorium of soortgelyke plek van samekoms wanneer dit gebruik word vir geleenthede wat normaalweg in sodanige plekke gehou word, met dien verstande dat hierdie vrystelling nie van toepassing is op geleenthede of dele van geleenthede wat buite die plek of gebou gehou word nie of wat uit hoofde van hul aard, grootte of impak geag word buite die parameters van normale gebruik vir die plek is;
- geleenthede wat deur die Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (Wet 2 van 2010) en die Wet op die Regulering van Samekomste, 1993 (Wet 205 van 1993) gereguleer word.

HOOFSTUK 3:

ALGEMENE BEPALINGS

12. Ooreenkomste en vennootskappe

Die raad mag, onderhewig aan die bepalings van enige wet, sodanige ooreenkomste en vennootskappe met geleentheidorganiseerders aangaan wat nodig is vir die aanbidding en bestuur van geleenthede.

13. Delegasies en aanstelling van gemagtigde beamptes

- Die munisipale bestuurder mag, in geheel of ten dele, die bevoegdheid om 'n permit uit te reik en voorwaardes op te lê, of die neem van enige stappe met betrekking tot enige bepaling van hierdie verordening, aan beamptes van die munisipaliteit delegeer.
- Die munisipale bestuurder mag beamptes in diens van die munisipaliteit as gemagtigde beamptes aanstel om die bepalings van hierdie verordening af te dwing.

14. Oortredings en strawwe

'n Persoon wat in gebreke is om te voldoen aan:

- (a) artikel 3;
- (b) artikel 6(1);
- (c) artikel 7(b);
- (d) die voorwaarde van 'n permit; of
- (e) 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 8 of 10, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding aanspreeklik vir die betaling van 'n boete of 'n termyn van gevangenisstraf.

15. Herroeping

Die bepalings van enige verordening wat voorheen deur die munisipaliteit of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou by die munisipaliteit geïnkorporeer is gepromulgeer is word hiermee herroep vir sover hulle betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

16. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening is die Verordening met betrekking tot die Hou van Geleenthede en tree in werking by publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

The “Provincial Gazette” of the Western Cape	Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap
<p>appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.</p>	<p>verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.</p>
<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>	<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>
<p>Subscription Rates</p>	<p>Tarief van Intekengelde</p>
<p>R233,88 per annum, throughout the Republic of South Africa.</p>	<p>R233,88 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.</p>
<p>R233,88 + postage per annum, Foreign Countries.</p>	<p>R233,88 + posgeld per jaar, Buiteland.</p>
<p>Selling price per copy over the counter R13,80</p>	<p>Prys per eksemplaar oor die toonbank is R13,80</p>
<p>Subscriptions are payable in advance.</p>	<p>Intekengeld moet vooruitbetaal word.</p>
<p><i>Single copies</i> are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.</p>	<p><i>Los eksemplare</i> is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.</p>
<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>	<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>
<p>Advertisement Tariff</p>	<p>Advertensietarief</p>
<p>First insertion, R33,00 per cm, double column.</p>	<p>Eerste plasing, R33,00 per cm, dubbelkolom.</p>
<p>Fractions of cm are reckoned as a cm.</p>	<p>Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.</p>
<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>	<hr style="width: 10%; margin: auto;"/>
<p>Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the <i>Gazette</i>.</p>	<p>Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die <i>Koerant</i> bereik.</p>
<p>Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.</p>	<p>Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlangte datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.</p>
<p>All correspondence must be addressed to the Director-General, PO Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.</p>	<p>Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.</p>

